

## VAN STAMVERWANTE BODEM

Op 21 Mei j.l. het die *Maatschappij der Nederlandse Letterkunde*, wat 'n vyftigste lede in die Republiek tel, in Leiden sy tweede eeufees herdenk. Op 1.5.1965 het die *Maatschappij* 980 lede getel, van wie 249 buite Nederland woonagtig was. Tydens die kort daarop gevolgde jaarvergadering is dr. Jan Bouws, van Stellenbosch, as lid benoem. Uit die jaarverslag oor 1965/1966 blyk o.m. dat die geldelike toestand van die *Maatschappij* sorg baar, dat planne beraam word om 'n nuwe koers in te slaan en dat binne afsienbare tyd 'n gedenkboek in verband met die 200 jarige bestaan sal verskyn.

In *Elseviers Weekblad* verskyn 'n bespreking van dr. C. H. E. de Wit se geskiedkundige werk *De strijd tussen Aristocratie en Democratie in Nederland 1780-1848*, 'n studie waarin o.m. doelbewus 'n poging tot herwaardering van die tydperk van die Bataafse Republiek onderneem is. Die bron van die negentiende eeuse Nederlandse liberalisme, aldus dr. De Wit, lê in die grondwet van 1798 en die liberalisme waarvoor Thorbecke hom beywer het, was nie 'n produk van 'n Nederlandse Manchesterskool nie. Dit was wel 'n staatkundig-wysgerige strewe om die ou standestaat te breek en die koning moes o.m. die volk beskerm teen die regentstand, aldus H. A. Lunshof in sy bespreking. Die negentiende eeuse Nederlandse liberalisme, aldus Lunshof, was 'n kind van die Patriottebeweging.

In *Circuit* (nr. 12) kom 'n beskrywing van die stad Gouda voor wat met 'n aantal voortrefflike foto's van ou geboue verlug is. Gouda is o.m. bekend deur sy goties stadhuis waarvan die lotgevalle o.m. in *Het stadhuis van Gouda*, 'n publikasie van die *Oudheidkundige Kring 'Die Goude'* (1952) beskryf is.

In die tydskrif *Rotterdam* (1966, jg. 4, nr. 3), wat in *Nederlands*, Engels en Duits (drie afsonderlike uitgawes) verskyn en bekombaar is van die *Bureau Voorlichting en Publiciteit*, p.a. Stadhuis, Rotterdam, is 'n hydrae gewy aan die *Pilgrim Fathers* wat in 1620 vanuit Delfshaven die oortog na Noord-Amerika begin het om, na hul aankoms, die nedersetting New Plymouth te stig. Nadat James I die *Pilgrim Fathers* van die toekoms gelas het om hulle met die staatskerk te versoen en die *Act of Uniformity* uitgevaardig het waardeur daar geen geloofsvryheid vir andersdenkendes oorgebly het, het hulle eers in Amsterdam en vervolgens in Leiden gaan woon. In Julie 1620 het die *Pilgrim Fathers* met binneskepe in Delfshaven aangekom en op 22 Julie van dieselfde jaar met die *Speedwell* na Plymouth en Southampton vertrek om vervolgens met die *Mayflower* die Atlantiese oseaan oor te steek. In Delfshaven herinner die *Oude Kerk* of Pelgrimvaderkerk o.m. aan die gedenkwaardige gebeurtenis in 1620.

In 1965, aldus 'n mededeling in *Neerlandia*, is 'n leerstoel vir Nederlands en 'n Nederlandse Instituut aan die Universiteit van Keulen (Duitsland) ingestel en ongeveer gelyktydig is 'n soortgelyke leerstoel in Munster toegestaan. Onlangs het die Minister van Kultuur van Noordrynland-Westfalen die moontlikheid van fakultatiewe lesse in Nederlands aan Duitse gimnasiums aanbeveel. In die maandblad *Zuid-Afrika* (Amsterdam, jg. 43, April 1966) is o.m. aandag gewy aan die toekomstige Taalmonument wat op Paarl sal verrys, terwyl P. Korthuys in dieselfde uitgawe 'n beskouing van mev. P. Pierson-Mathy, soos verskyn in die *Internationale Spectator* (die besonderhede ontbreek ons, skrywer) krities bespreek (pp. 62-63). Korthuys se besware teen die beoordeling en bevindings van die skryfster is o.m. dat die studie uitgaan „van een verkeerde mentaliteit, die meer door emotionele dan wetenschappelijke beweegredes wordt bepaald”. Korthuys kom verder tot die gevolgtrekking dat hoe mens ookal oor die probleme van Suid-Afrika en die beleid van afsonderlike ontwikkeling dink, objektiwiteit en eerlik-

heid gepaard moet gaan met kennis van die werklikheid „die niet uit documenten kan worden opgebouwd”.

In *Kroniek van Afrika* (jg. 5, nr. 4, Desember 1965) kom 'n kort beskouing oor die onafhanklikheidsverklaring van Rhodesië onder die titel *Rhodesië over de Rubicon* (pp. 267-268) en agtergrondgegewens (pp. 252-256) voor, waarin o.m. verklaar is: „Verwerven van souvereine onafhankelĳkheid wordt in de proclamatie van 11 november een eis van rechtvaardigheid genoemd, die buiten discussie staat. Hiermee is het onoplosbare conflict met Engeland gegeven. Achter de strijd om de norm botsten twee opvattingen over gerechtigheid” (p. 267). Die tydskrif word deur die *Afrika-Studiecentrum*, Leiden, uitgegee.

Graag maak ons lesers opmerkzaam op die twee jongste uitgawes van *Deutschland Revue* wat, soos gewoonlik ryklik geïllustreer en vol lesenswaardighede is. In nr. 4, 1965, is o.m. 'n bydrae aan Bad Mergentheim, die stad van die Duitse Ridderorde en sy kultuurskatte gewy, terwyl in die voorafgaande aflewering die kunsskatte tussen Trier en Koblenz beskrywe word (pp. 14-18, o.m. die Porta Nigra en die Romeinse suil van Igel).

In die maandblad *Kunstchronik* (Febr. 1966, Nürnberg) word, aan die hand van tentoonstellinge en boeke o.m. Duitse tekeninge uit die negentiende eeu en H. M. Taylor en J. Taylor se werk *Anglo-Saxon Architecture* bespreek. In die Januarie-uitgawe van dieselfde maandblad kom o.m. restaurasie-opnames in verband met die Domkerk van Spiers (Speyer, D.) voor (na p. 12).

In verband met die voormalige Duitse *Westwall*, met die bou waarvan in 1936 begin en wat uit ongeveer 20,000 bomvrye skuilplekke bestaan het, word vermeld dat die Duitse Bondsrepubliek sedert 1957 meer as 30 miljoen DM. beskikbaar gestel het om hierdie verdedigingswerke op te ruim. Volgens resente persberigte is daar in die omgewing van Aken meer as 2,000 van hierdie skuilplekke waarvan ongeveer 500 opgeruim is. Meer as 1,000 ontploffings en ongeveer 18,000 DM. is benodig om een enkele skuilplek op te ruim. Die regering van die Bondsrepubliek is voornemens om in 1967 nog 1,000,000 DM. vir die opruimingswerk beskikbaar te stel.

Lionel Casson se werk *The Ancient Mariners*, in Nederlands bekend as *Scheepvaart in de Oudheid*, het as nr. 146 in die Aulareeks (Utrecht-Amsterdam) verskyn (320 bl., met afb.). In die werk word die ontwikkeling van die skeepvaart in die gebied van die Middellandse see behandel aan die hand van skriftelike gegewens, opgrawings en afbeeldings. Ondermeer word Egiptiese en Griekse skeepe bespreek en veral aandag gewy aan die diverse Romeinse vaartuigtipes. Daarna kom die skeepvaart na Wes-Europa en langs die kuste van Afrika aan die beurt (p. 159 e.v.). Die reis rondom Afrika, onderneem deur Feniciërs in opdrag van farao Necho, word deur skrywer krities behandel en nie as onmoontlik beskou nie (p. 163), alhoewel hy dit nie as geloofwaardig aanvaar nie. Hoofstuk 13 is aan die argeologie onder water gewy. Interessante seevaartkundige vondste uit die Oudheid kan in die museums van Marseilles, Cannes en Albenga aangetref word. Romeinse vragskepe van 1,200 ton is vir koringvervoer gebruik en, so merk die skrywer tereg op, dit sou ongeveer sewentien eue duur voordat skeep van dieselfde tonnemaat weer hul verskyning in die weste sou maak. Omstreeks 40 na Chr. het keiser Caligula die suil wat tans voor die St. Pieterskerk in Rome staan, uit Egipte laat haal. Saam met sy voetstuk weeg hierdie monument ongeveer 450 ton. In 1585 was 800 man en 140 perde nodig om dieselfde obelisk in Rome te verplaas. Caligula se skippers het die monument by Heliopolis gaan haal, met 'n skuif oor die Nyl vervoer, daarna aan boord van 'n seeskip gelaai, na Rome vervoer en daar in die bekende sirkus van Nero heropgerig. Dit is slegs 'n paar vermeldings uit 'n besonder leersame studie wat, in maklik leesbare taal geskrywe, aanbeveel kan word.